

# TEOLOGIESE SEMINARIUM

van die  **NG Kerk**  
Vrystaat



## VOORWOORD

Geagte Student-in-opleiding, beste .....

'n Hartlike welkom in hierdie studiejaar van jou – 2017! En hartlik welkom as die eerste groep studente wat by ons Seminarium inskryf!

Dit is 'n besondere jaar: sommige van julle begin jul teologiese opleiding as eerstejaars; sommige van julle vang vanjaar graad; sommige van julle rond jul studies af met 'n gemeentjaar iewers in die stad of platteland... En dan is daar die ander van ons iewers tussen-in, *work-in-progress*. Natuurlik sou julle nou al gehoor het dat 2017 ook die 500-jarige herdenking van die Reformasie in Europa is; daardie groot Hervormingsbeweging wat op 31 Oktober 1517 in Duitsland begin het toe Martin Luther, 'n jong professor in Nuwe Testament, sy 95 stellinge oor geloof en kerk teen die deure van Wittenberg se Schlosskirche vasgespyker het...



Dis nogals *cool*, nê. Hoor bietjie die 62ste stelling van Luther:

"Der wahre Schatz der Kirche ist das allerheiligste Evangelium von der Herrlichkeit und Gnade Gottes."

Ons is baie bly dat jy vanjaar saam met ons hierdie skat – die Evangelie van God se heerlikheid en genade – verder kan ontdek, en ons bede is dat dit vir jou 'n wonderlike, geseënde jaar van groei sal wees. Op een of ander wyse het jy die Here se roepstem rakende die Evangeliebediening gehoor. Ons wil jou graag bystaan in die ontplooiing van jou roeping, jou akademiese opleiding, vorming van jou lewe voor God se aangesig en jou voorbereiding vir die bediening. Die dienswerk van 'n dominee is een van die bedieningskanale waardeur God sy werk op aarde doen en daardie "skat" vir mense aanbied. Dit gaan dus eintlik oor Hóm en sy wêreld en gemeente, en in Wie se hand jy 'n kosbare instrument is. Dankie vir die voorreg om saam aan jou as instrument te mag help vorm.

Welkom nogeens by ons, en mag hierdie inligtingsboekie jou mooi deur die jaar 2017 help!

**Ds. Jan Lubbe**  
**Voorsitter: Kuratorium**

## 'n SEMINARIUM VIR DIE NG KERK VRYSTAAT... EN JÓU ROEPING 2017

Jy het tot die oortuiging gekom dat God jou in die bediening van sy Woord wil gebruik. Hoe, waar en wanneer... weet net Hy. Elkeen van ons se roeping is uniek, soos wat God se verhouding met ons elk ook uniek is, spesiaal, persoonlik. Vir Jesaja het dit geklink:

**"Toe het ek die Here hoor vra:  
'Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?'  
Ek het geantwoord:  
'Hier is ek! Stuur my!  
(Jesaja 6:8)**

Jy weet hoe dit in jou lewe gebeur het. Jy weet ook dat daardie roeping van tyd tot tyd groei, ontwikkel, verander. Daar kom sekerheid by, ander kere weer vrae en 'n soeke, soms verdieping, later duidelike rigting... Vir ons in die NG Kerk is dié pad wat die Here met jou loop, belangrik – want sónder 'n roepingsbesef kan niemand regtig die Woord van God aan sy mense bedien nie. As Kuratorium wil ons jou graag hierin bystaan en begelei.

Die besondere fokus van die dienswerk (amp) van 'n predikant is die bediening van die Woord (in al sy gestaltes), bediening van die sakramente (doop en Nagmaal), voorbidding vir mense, en die geestelike opbou en toerusting van die gemeente vir hul dienswerk in die wêreld. 'n Persoon kwalifiseer as predikant wanneer so iemand...

*"die innerlike roeping van die Here ontvang het, teologiese opleiding volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop het, en aan 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe en geskiktheid vir die bediening onderwerp is"*

Dit is hoe dit in die Reglement vir Teologiese Opleiding van die NG Kerk beskryf word.

Die NG Kerk in die Vrystaat het 'n aantal persone aangewys om van kerklike kant ons teologiese opleiding te bestuur – die Kuratorium. Die woord "kuratorium" kom van 'n Latynse stam wat beteken om te beskerm, bewaar en versorg. Die Kuratorium bestaan uit 'n aantal predikante in Bloemfontein en die Vrystaat, maar ook een verteenwoordiger uit elke ander Sinode in ons land. Jy sou dus kon sê dat die NG Kerk in Suid-Afrika op dié manier betrokke is by jou begeleiding hier op weg na die bediening. Ons Sinode in die Vrystaat spandeer ± R 1,5 miljoen per jaar aan hierdie opleiding, en is dit ons Kuratorium se verantwoordelikheid om dit ten beste in jónu en die kerk se belang te bestuur. Dit is dankoffergeld: dit behoort aan die Here en Sy Kerk en Koninkryk moet daardeur gedien word.

As Kuratorium (wat eintlik maar 'n vergadering van predikante en ander betrokkenes is) het ons die afgelope paar jaar tot die oortuiging gekom dat ons 'n "voertuig" nodig het om julle opleiding mee te begelei, ondersteun en aan te vul – en só is daar in November 2016 by ons vergadering, 'n Teologiese Seminarium vir die NG Kerkfamilie gestig. Hieronder vertel ons meer daarvan...

Jou teologiese opleiding oppad na die bediening, loop in twee bane:

Daar is eerstens jou formele **akademiese opleiding** deur die **Fakulteit Teologie**.

Die Teologiese Fakulteit aan die UV is uitstekend geposisioneer om die akademiese vorming van teologiese studente met die oog op die bediening te hanteer – en dit in 'n baie dinamiese universiteitsomgewing. Ons is dankbaar vir dosente wat akademies uitstaande werk lewer, en lief is vir die Kerk van Jesus Christus en haar Gereformeerde belydenis. Dit is wel 'n ekumeniese fakulteit met dosente en studente uit verskillende kerklike tradisies en wat moet voldoen aan nasionale standaarde en raamwerke vir tersiêre opleiding, en ook dit is vir ons positief, want die wêreld waarin jy die Woord van God gaan bedien, lyk só – divers, multi-kultureel en professioneel uitdagend.

Tans strek hierdie akademiese baan oor ses jaar en behels dit 'n B-graad (4 jaar), 'n multi-dissiplinêre MDiv in een jaar met 'n akademiese skripsie en spesialisering in 'n vakgebied van jou keuse, en 'n Nagraadse Diploma met 'n sterk bedieningsgerigtheid (die “Gemeentejaar”). Die opleiding het 'n goeie teoretiese onderbou soos byvoorbeeld jou kennismaking met antieke tale en verskillende leestorieë van die Bybel, die verhaal van die Christendom deur twintig eeue en verskillende sienings oor God en sy wêreld, maar bied ook genoeg blootstelling aan die bedieningspraktyk veral in modules van Praktiese Teologie. Die Fakulteit bepaal die inhoud van die kursusse en die vereistes waaraan jy moet voldoen om jou grade te verwerf, en ons wil julle aanmoedig om toegewyd en hard te studeer – maak die beste gebruik van elke geleentheid om jou voor te berei vir die teologiese bediening van die Woord van God. Gaan vir goud!

Daar is 'n tweede – en vir ons baie belangrike – baan in jou opleiding en voorbereiding vir 'n bediening in die NG Kerkfamilie. Ons noem dit die **kerklike baan** waarop ons graag vier oogmerke of uitkomstes met jou opleiding sou wou bereik. Deur die loop van ses jaar waartydens jy die genoemde akademiese kwalifikasie behaal, wil ons jou kerklik begelei...

- om tot 'n eietydse, gereformeerde belydenis van jou Christelike geloofsidentiteit te kom (credo);
- om tot 'n gesonde uitdrukking van 'n gereformeerde spiritualiteit te kom en in die beoefening daarvan te groei (praxis pietatis);
- om tot 'n volwasse en gebalanseerde lid van die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap te ontwikkel, wat oor bepaalde persoonsvaardighede beskik; en
- om deur blootstelling aan die kerklike bedieningspraktyk en –konteks,

... as 'n goed toegeruste kandidaat vir legitimasie tot die bediening in die familie van NG Kerk aan te kan meld. Hierdie aanvullende opleiding en vorming, vind in die **Teologiese Seminarium van die NG Kerk in die Vrystaat** plaas.

Vir hierdie doel, het ons by elkeen van die vier uitkomstes 'n aantal programme ontwikkel (jy sou dit ook “modules” kon noem) wat jy van jaar tot jaar suksesvol moet voltooi. Dit is belangrik: al die programme is gesinkroniseer met jou akademiese vordering, byvoorbeeld dat wat jy by ons in die Seminarium en jou opleidingsgemeente aan praktiese werk doen, hand aan hand loop met wat jy in die PTL-modules in die Fakulteit leer... Die onderskeie programme bou ook op mekaar, soos dat jy byvoorbeeld van die baie eenvoudige en basiese Heidelbergse Kategismus in jou eerstejaar tot die aktuele Belydenis van Belhar in jou vierdejaar vorder... Of van die verhaal van jou gemeente van oorsprong tot die verhaal van ons NG Kerkfamilie in die jongste tyd...



Dit beteken dus dat jy elke jaar die programme in die Seminarium moet bywoon, werksopdragte inlewer en die vereiste assessering bevredigend voltooi. Moenie agterraak nie! Jou vordering word jaarliks geëvalueer en 'n volledige rekord daarvan word by die kantoor van ons Seminariumbestuurder op lêer gehou. Verder is jou vordering ook verbind aan die voortgesette toekenning van beurse of lenings wat die NG Kerk Vrystaat aan studente bied. Daar sal deurlopend met jou hieroor gekommunikeer word, en aan die einde van jou vierdejaar is daar 'n spesifieke evalueringsgesprek met jou met die oog op jou voltooiing van die kerklike baan en toelating tot die gemeentejaar. Dit gebeur ook in jou finalejaar (die "Gemeentejaar") en so bereik jy dan al die vereiste mylpale om aan te meld vir jou finale keuring en toelating tot die bediening in die NG Kerkfamilie – jou "legitimasie".

Die Fakulteit Teologie het goedgunstiglik aan ons twee periodes op 'n Woensdag afgestaan vir "kerkeie opleiding", dit wat ons in die Seminarium wil doen. Die eerste periode (11:10-12:00) word vir elke jaargroep op hul eie aan 'n spesifieke program gewy, en die tweede periode (12:10-13:00) is vir die **Emmaus Bybelleesprogram** in jul kleingroepe geoormerk. Wat die inhoud van al die programme vir hierdie vier uitkomste betref: dit word volledig in hierdie inligtingsboekie beskryf, asook wie die aanbieders is en watter materiaal jy daarvoor nodig. Volg die kleurlyne, die kodes en die rooster en jy sal op die regte plek by die regte inhoud aankom:

BDiv I	HMS 34	<i>(Modules begin met TS 10...)</i>
BDiv II	HMS 33	<i>(Modules begin met TS 20...)</i>
BDiv III	Kopanong (Studentekerk)	<i>(Modules begin met TS 30...)</i>
BDiv IV	Kopanong (Studentekerk)	<i>(Modules begin met TS 40...)</i>
MDiv	HMS 10	<i>(Modules begin met TS 50...)</i>

Ons hoop dat vir julle – net soos vir ons in die samestelling van die programme – dit baie interessant en leersaam sal wees, en vormend op jul roepingsbesef sal inwerk. Met elke semester se "aktuele kerkgesprek" wag daar verdere verrassings op julle, soos wat ons dit van tyd tot tyd sal aankondig! En dan het ons ook vir elke jaargroep 'n eie kamp of retreate, op verskeie mooi plekke... Die inligting oor die retreates is in hierdie boekie onder jul spesifieke jaargroep, maar meer spesifieke reëlings sal ons ter gelegenertyd aan jou deurgee... Wees dus op 'n Woensdag op jou plek in die Seminarium en mis niks!

'n Baie belangrike komponent van jou voorbereiding en vorming vir die bediening, gebeur in ons mentorsprogram, wat deel is van jou blootstelling aan die kerklike bedieningspraktyk en –konteks (Uitkoms 4), maar wat eintlik al die ander fasette van wat ons in die Seminarium doen, integreer. In hierdie mentorsprogram kies jy aan die begin van die jaar 'n plaaslike NG-predikant as begeleier en gee al sy/haar besonderhede aan ons Steunspan: Studentebegeleiding deur, wat 'n ooreenkoms met daardie predikant en gemeente aangaan – dit word dan jou "opleidingsgemeente". Julle het gereelde ontmoetings waarin hy/sy jou ondersteun en begelei, soos wat julle dit saam uitwerk en nodig ag. Jou mentor word ook 'n vertroueling en voorbeeld, na wie jy kan opsien en van kan leer met die oog op jou eie spiritualiteit, styl en waardes. Want, soos jy weet, gee die Skrif vir ons 'n profiel van wie 'n waardige voorganger of bedienaar in die Kerk van Jesus Christus is (Handelinge 20:31-32, 1 Timoteus 3:1-7, 1 Petrus 5:1-4). Daarom verwag ons van julle as teologiese studente om 'n styl en etos te ontwikkel, waardig aan die voorbeeld van Christus self. Sonder om wêreldvreemd te wees, kan en moet jy in alle verhoudinge so leef dat Christus al meer en meer in jou gestalte kry (Galasiërs 4:19). By die eerste Seminariumperiode op Woensdag, 15 Februarie om 11:10 kom alle studente van die NG Kerk (Jaargroepe 2 tot 5) in HMS 10 byeen vir 'n gesprek oor die mentorprogram en jul werk in die opleidingsgemeentes vanjaar (Modules TS 204, 304, 404 en 504).

Elke student moet 'n **inskrywingsvorm** voltooi, wat aan julle voorsien sal word en voor die einde van Februarie weer terugbesorg moet word aan die kantoor van die Kuratorium. Die koste verbonde aan jou inskrywing, beloop **R 250,00** per jaar waaruit ons 'n klein deeltjie van die kostes van die programme (die kampe ingesluit) dek. Hierdie fooi moet jou inskrywingsvorm vergesel.

Om saam te vat:

Net soos wat jy by die UV en Teologiese Fakulteit inskryf vir jou akademiese vorming, só skryf elke student wat graag vir die kerklike bediening in die NG Kerkfamilie wil kwalifiseer, hom of haar ook by die Seminarium in. Die roete na legitimasie loop deur die Seminarium. Die Seminarium beskik oor 'n klein personeelkorps en 'n groot aantal vrywilligers wat as aanbieders van programme en mentors behulpsaam is in jul begeleiding – die belangrikste kontakbesonderhede volg hieronder. Van ons kant af, onderneem die Kuratorium om deur al sy steunspanne en medewerkers in die Seminarium jou ten beste te begelei en te ondersteun. Van jou vra ons 'n verbintenis en toewyding aan jou eie vorming, sodat ons jou met vrymoedigheid aan die Kerk van die Here Jesus kan besorg as 'n bekwame en waardige bedienaar van sy Woord.

**Ons sien daarna uit om die pad met jou saam te loop.**

<b>Ds Jan Lubbe</b> (Voorsitter: Kuratorium)	082 784 9362
<b>Ds Christo Louw</b> (Voorsitter: Studentebegeleiding)	082 371 2905
<b>Ds Mauritz Heyneman</b> (Voorsitter: Gemeentejaar)	079 895 3916
<b>Dr Dawie Botes</b> (Voorsitter: Kerkeie Opleiding en Evaluering)	072 425 8537
<b>Ds Johann Kemp</b> (Skriba: Kuratorium)	072 425 8537
<b>Ds Barnard Steyn</b> (Direkteur: Eenheid vir Bedieningsbegeleiding)	082 842 7028

**Kantore van die Kuratorium & Seminarium**

Sinodale Kerkkantoor in Van Heerdenweg

Tel. no. 051 - 406 6734

[kuratorium@ngkvs.co.za](mailto:kuratorium@ngkvs.co.za)

<b>Me. Lizette van der Walt</b> (Studentevoorigting)	051 - 401 2853
--	----------------